

H. J. Pieterse Huldeblyk aan Elize Botha

H. J. Pieterse het Elize Botha opgevolg as hoofredakteur van *Tydskrif vir Letterkunde* (1992–2002). Hy is tans direkteur van die Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

My eerste kennismaking met Elize Botha was gedurende die tweede semester van my derde jaar aan die Universiteit van Pretoria, 1982. Professor Botha het Afrikaanse prosa gedoseer en ek was baie nuuskierig om hierdie dosent te ontmoet, iemand van wie ek reeds baie gehoor het en met wie se tekste soos *Afrikaanse essayiste* en *Oor die Afrikaanse prosa en ander opstelle* ek in my tweede jaar kennis gemaak het.

Nieteenstaande 'n swaar verkoue, het prof. Elize vol kwinkslae die program vir die semester uitgelê. Die fokus was op Hennie Aucamp (van wie sy 'n keur uit sy verhale saamgestel het – *In een kraal*) en Etienne Leroux. Sy het vertel hoe “onbe-soedel” en onbevooroordeeld haar eerste lesing in 1962 van *Sewe dae by die Silbersteins* was – 'n seminale teks waarna sy telkens sou terugkeer in artikels, lesings en praatjies. *Sewe dae*, het sy vertel, het sy eerstens as liefdesverhaal gelees, sonder die “bykennis” wat later deur verskeie literatore uitgelig is. En daardie eerste lees het vir haar gewerk.

Alhoewel sy deeglik kennis geneem het van literêr-teoretiese ontwikkelings en insigte, plaaslik en internasionaal, het Elize Botha se fokus in die eerste plek op die “close reading” van tekste self geval. Van die aspekte van haar laaste lesingreks aan UP wat my bybly (kort daarna het sy 'n volle professoraat aan Unisa aanvaar), was haar ongelooflik breë verwysingsveld en die vermoë om verbande tussen hedendaagse en ouer tekste – van S.J. du Toit, Van Melle, Van den Heever, M.E.R., Van Bruggen, ens. – aan te stip. In 1983 het prof. Elize ons honneursklas kom toespreek oor *Onse Hymie*. Dit was, soos gewoonlik, 'n insigryke lesing, en haar besonderse vriendskap met Leroux het ook duidelik na vore gekom.

In 1986 is ek aangestel in die Departement Afrikaans, Unisa, en daar het ek die voorreg gehad om 'n kollega van prof. Elize te wees tot 1995. In 1986 is ek deur Piet Roodt en prof. Elize genader om op die skakelredaksie van *Tydskrif vir Letterkunde* te dien. My taak was om gedigte te “werf” en te keur. Die proses om 'n uitgawe saam te stel het in Piet of prof. Elize se huis plaasgevind en ek het net aangename herinnerings aan vele middae om die tafel in prof. Elize se huis.

Aan die begin van die negentigerjare het *Tydskrif* se werk al hoe meer my en Piet s'n geword. Toe prof. Elize aandui dat sy nie meer kans sien om as redakteur op te tree nie, het die redaksie besluit om my as redakteur aan te stel, 'n pos wat ek

van 1992 tot 2002 hanteer het. Ek het *Tydskrif* op 'n hoogtepunt oorgeneem, 'n punt wat deur prof. Elize (en natuurlik Piet Roodt) geskep is oor baie jare heen.

In die Departement Afrikaans, Unisa, was prof. Elize net 'n vreugde as kollega. Tussen al die politiekery van die universiteit deur het sy nooit sinies of negatief geraak nie en het altyd krisisse met humor hanteer. Alhoewel haar aanstelling by Unisa eintlik op nagraadse vlak gerig was, het die skommeling in die departement op 'n stadium daartoe gelei dat sy ook Praktiese Afrikaans – almal se nasienagmerrie – moes hanteer. Ook dit het sy met 'n glimlag gedoen. Ek dink nie Unisa het ooit haar simboliese waarde vir die breë gemeenskap werklik besef nie (deesdae sal dit onder die noemer van “Gemeenskapsdiens” of “Akademiese burgerskap” val). Jaareindfunksies was 'n verdere plesier saam met prof. Elize. Na die funksie sou “black velvet” (sjampanje en Guinness) in haar kantoor bedien word. In 1995 tree sy af en word later aangestel as emeritus-professor in die departement, 'n pos wat sy ook met uitstekende lesings gevul het.

Deur die jare het ek gereeld by die Bothas aan huis gekom. Daar was die jaarlikse vergadering met trustees van die Dagbreek-Trust wat *Tydskrif* jare lank gefinansier het. Wanneer dinge te styf raak, sou prof. Elize verneem wie ietsie wil “gebruik” en dan het dinge gewoonlik makliker geloop, soms met “Mother’s Demise” of “Who Killed Auntie?” (jenerer en tonikum) byderhand. Dan was daar ook 'n paar heerlike Saterdagmiddag-gesprekke en –etes met haar en haar man.

As ek en Piet Roodt of Joan Hambidge daar gekuier het, is daar altyd gesels oor die jongste boeke, literêre tendense en strominge en ek was telkens beïndruk met haar belesenheid, haar versigtige en oorwoë formulering van menings en haar wyse waarskuwings om nie jou tyd te vermors met politieke-ideologiese eendagsvlieë nie.

Tydens hospitaalbesoeke in 2006 en 2007 het ek prof. Elize telkens in 'n vrolike luim aangetref. “Daar is nog skop in hierdie tante oor!” sou sy sê, ook toe ek en Joan haar besoek het in Julie 2007. Dit was die laaste keer wat ek haar gesien het.

Daar sal in ander huldeblyke melding wees van die talle “eerstes” wat Elize Botha behaal het – Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, ens. Ek het haar in die eerste en laaste instansie as dosent en mentor leer ken en later as goeie vriendin oor 'n tydperk van 25 jaar. Haar titels en ampte het haar (en my) nooit gepla nie en ek sal haar altyd onthou as warm, skerpsinnige mens, nederig, vol humor, met 'n wye belesenheid en diep wysheid.

Pretoria
Desember 2007